

# Duma vlieg na Ghana, riool-klankie ofte nie

■ KAREN EBERSOHN

LEDE van Moqhaka se belastingbetaler- en inwonersvereniging is bekommerd omdat die munisipale bestuurder na Ghana vertrek terwyl "alles in die dorp agteruitgaan".

Dit blyk uit 'n verklaring van die vereniging nadat hy vasgestel het mnr. Mokete Duma, die munisipale bestuurder, gaan 'n kongres in Ghana oor doeltreffende munisipale bestuur bywoon.

Die vereniging het ook verlede week amptelik 'n dispuut teen die plaaslike munisipaliteit verklaar.

"Ons het in die week besoek by die dorp se riool-en-watersuiweringsaanleg afgelê en bevind by die biologiese sytelbedaanleg waar twee derdes van die rioolverwerking van Kroonstad veronderstel is om plaas te vind, is al drie die besinkingsdamme buite werking en groei die onkruid daaroor," lui die verklaring.

Luidens die verklaring is dit maar een van die vele probleme.

Mnr. Gerrit van Schalkwyk, voorsitter van die vereniging, het gesê dit

is vir hulle kommerwekkend dat Duma 'n kongres in Ghana gaan bywoon terwyl dinge juis nie op die oomblik so doeltreffend in sy eie munisipaliteit verloop nie. "Hy roer Ghana toe, maar sy dorp se rioolaanleg roer nie. Daar is geld vir buitelandse toere, maar geen geld vir die opknapping van munisipale dienste nie," het Van Schalkwyk gesê.


Duma het gister aan *Volksblad* gesê hy beskou die kongres in Ghana as baie belangrik en nodig.

"Ek gaan om 'n kongres by te woon oor doeltreffende munisipale bestuur en ek dink ek kan daarby baat vind."

Hy het gesê dit is deel van sy verantwoordelikheid as munisipale bestuurder om die soort dinge by te woon.

Oor die vereniging se dispuut sê hy hy het daarvan in *Volksblad* gelees.

"Ek het die koerant opgetel en dit weggegooi. Die mense moet maar voortgaan daarmee. Hulle is mense wat nie die gesag van die nuwe bedeling wil aanvaar nie."



**KROONSTAD** se riool-en-watersuiweringsaanleg, waar al drie die besinkingsdamme glo buite werking is.

FOTO: KOBUS HARMSE